01

# EPIFANIE

Jaargang 24 | 23 Januarie 2026

# VRY POS

LOER | LEES | LUISTER | LEER



NG Kerk
Vrystaat



Celicia McLean

# REDAKTEUR

### BYDRAES EN NAVRAE

voor 12:00 Dinsdae na
**cmclean@ngkvs.co.za**

***Lig in die duisternis,***
*hier vir God, mekaar en die wêreld*

NG Kerk Vrystaat

## FOTO'S

Canva | Unsplash | Flickr | Pexels
Pixton | *Tensy anders vermeld*

## ARTIKELSKRYWERS

Mariëtte Odendaal | Andries Gous
Enrico Casaleggio | Zak Scholtz
Hesta Friedrich-Nel | *Engo*-mediaverklaring
Danie Mouton | Leon M Foot | Martin Schwella
Jan Lubbe | *Kerkbode* | *CLF* | *Bybel-Media*
*TOIBO* | *Bybelgenootskap SA*

## EPIFANIE

Die woord epifanie kom van 'n Griekse woord wat "verskyning" beteken. Alhoewel Jesus Christus se heerlikheid in al sy woorde en werke geopenbaar is, word die woord epifanie gebruik om die gebeurtenisse in sy lewe, toe sy heerlikheid in die besonder sigbaar was, te beskryf. Die Fees van die Epifanie word elke jaar op 6 Januarie gevier, en dan word die volgende herdenk: die sterrekykers se huldebewyse aan die baba Jesus (Matt 2:11); die doop van Jesus in die Jordaan toe die stem van die Vader Hom sy geliefde Seun genoem het (Matt 3:17; Mark 1:11), en die wonderwerk te Kana in Galilea toe Jesus water in wyn laat verander het en daardeur "sy heerlikheid laat blyk" het (Joh 2:11).
*(Kerkbode, Skrywer: M van Heerden)*

## DAGBOEK DÍT

**VROUEKAMP MET ROEDOLF BOTHA**
***"GOD ROEP JOU"***

**20-22 Februarie 2026**
Amanzi Wildreservaat, Bloemfontein

## VOLGENDE VRYPOS

Die volgende uitgawe van *VRYPOS* sal op **Vrydag 6 Februarie** verskyn. Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# INHOUD


## VRYPOS-FOKUS 03

DIENS VAN BARMHARTIGHEID
**Mariëtte Odendaal** | *AURORA (DEEL 1): Waar jou reis na 'n nuwe en gesonder toekoms begin*

## ARTIKELS 05

**05** | VENNOTE IN GETUIENIS | DEGNOS
**Andries Gous** | *DEGNOS-dinge*

**06** | VENNOTE IN GETUIENIS | Islam
**Enrico Casaleggio** | *Lidmate toegerus oor Islam*

**07** | ALGEMEEN | Reeks: Strategiese rigtingwysers vir 'n gemeente
**Zak Scholtz & Hesta Friedrich-Nel** | *VIDEO: Drie sleutels as lewend-kragtige rigtingwysers*

**08** | ALGEMEEN
**Engo-mediaverslag (Aannemings)** | *'n Storie van hoop, vrede en genesing* ná kind se aanneming 25 jaar gelede ...

**09** | ALGEMEEN | NG Kerk in Oos-Kaapland
**Danie Mouton** | *Oos-Kaapse Rampfonds: Bydraes gevra om brandslagoffers by te staan*

## MEDIATEEK 11

**Leon M Foot** | *Kom lees 'n boek*

## BLÊR-REEKS 2 13

**Die Verlore Skapie (12 stories)** | *11. Helde*

## VERJAARSDAE 17

## EKOLOGIE 18

**Mariëtte Odendaal** | *Ons vier Wêreld-vleilanddag*

## AKTUEEL | ALGEMEEN 19

**19** | 96ste Wêreldbiddag vir Vroue
**20** | Advertensies

## OPLEIDING 21

## KERKBODE BROKKIES 22

## PUBLIKASIES 23

## WAT'S NUUS? 24
## KALENDER
## VAKATURES/AFLOSLYS
## PREDIKANTENUUS

## 'N LAASTE GEDAGTE 26

**Jan Lubbe** | *"Om aan gebroke mense soos ek, die vergifnis en liefde van Christus te wys."*

## KONTAK ONS 27

# AURORA | DEEL 1



## Waar jou reis na ’n nuwe en gesonder toekoms begin

DIENS VAN BARMHARTIGHEID
*Mariëtte Odendaal*

As jy die woord “aurora” hoor, laat dink dit jou dalk dadelik aan die fassinerende *aurora borealis*, beter bekend as die noorderlig, wat in die verre noordelike poolstreke gesien kan word. Die woord is van Latynse oorsprong en beteken sonsopkoms.

En dit is presies wat die **Aurora Addiction Recovery Centre** in Bloemfontein al sedert sy ontstaan in 1966 vir soveel mense beteken het; die plek waar die son weer vir jou kan opkom.

So ’n organisasie moet egter deur ’n verskeidenheid bestuursvaardighede, asook die nodige sosiale en geestelike wysheid en insig op die spoor gehou word.

Ons het met Marietjie Landsberg, die direkteur van Aurora, gaan gesels om meer uit te vind oor haarself, wat haar pos daar behels en wat sy as die grootste uitdagings in haar beroep ervaar.

In die volgende uitgawe gaan ons meer fokus op die wanpersepsies waarvan ons moet weet ten opsigte van die gebruik van dagga, wat gesinslede kan doen om verslawing te probeer vermy, die gevaartekens van verslawing wat rooi ligte moet laat flikker, en hoe ’n mens te werk kan gaan om so iemand te help.

**Lees** meer »

# GOD SE HART IN SWAARKRY

## YOLANDÉ KORKIE

**Vouediens-Sending**



**5**
**FEB**

NG KERK EXCELSI
5 FEBRUARIE 202
10:00

MANS & VROUENS WELKOM

Bevestig bywoning voor of op
26 Januarie 2026 by
Engeli van Zyl 082 3356156

**Die boek 558 days ook beskikbaar @ R300**

# ARTIKELS

UIT DIE SINODE






# DEGNOS-dinge

VENNOTE IN GETUIENIS
DEGNOS
*Andries Gous*

## Liewe vriende van DEGNOS

### DEGNOS het 2026 met geloof en toewyding afgeskop

Na 'n verkwikkende Kersfeesbreek het DEGNOS op **5 Januarie 2026** weer voluit met sy bediening begin. Die jaar het afgeskop met 'n besonder vol program wat deeglike beplanning vereis het, maar die span het dit in geloof aangepak en hul vertroue op die Here se genade en wysheid gestel. Die jaar se werksaamhede is amptelik ingelui met die eerste personeelvergadering, waar die rigting en prioriteite vir die komende tyd bespreek is.

### Nuwe medewerkers het aangesluit

Verskeie nuwe medewerkers het die DEGNOS-span versterk. **Low Bothma** het op 'n korttermynbasis aangesluit om vir drie maande logistiek en administrasie te behartig. Daar word gehoop dat, indien 'n langer werkspermit vir Low en sy vrou Steph bekom kan word, hulle vir 'n verdere twee jaar sal kan saamwerk.

**Coenie van Zyl**, 'n ervare landboukundige, het vir ses maande aangesluit om gemeenskapsontwikkelingsprojekte te ondersteun. Sy betrokkenheid is aanvanklik vir ses maande beplan, met die hoop dat dit verleng sou kon word mits voldoende fondse beskikbaar raak. Die week is afgeskop met besoeke aan Tsintsabis, Oerwoud en Bravo, waar Coenie sy werk begin het.

### Bestaande medewerkers met nuwe verantwoordelikhede

**Ds Regina Nauses**, wat voorheen as kindertuinonderwyser op Henta en tentmakerpredikant vir Wildevy-gemeente (Henta-wyk) gedien het, het 'n nuwe rol aanvaar. Sy is aangestel as ontwikkelingsbeampte vir Wildevy-gemeente en het saam met die drywer Isak verantwoordelikheid aanvaar vir die gemeente se 65 wyksgemeentes.

**Lees** meer »

*Dr Enrico Casaleggio*

# iSLAM

## Lidmate toegerus oor Islam

Dit is algemeen bekend dat Islam deur *Dawah* (hulle weergawe van sendingwerk) die hele wêreld wil onderwerp aan Allah en daarmee saam aan die Islamitiese leefwyse. Die afgelope tyd het daar weer video's die rondte gedoen oor Islam op sosiale media. En soos met alles op sosiale media is dit nodig om te verifieer wat is eg en wat nie. Van die video's het gewys op Islam se agenda om van Suid-Afrika 'n Moslemland te maak. Wat meer ontstellend was, is hoe sekere dorpe en stede as prioriteite uitgewys word in hierdie proses van Islamisering. Heelwat van die besorgde mense wat dit gesien het, het met my gesprekke gevoer daaroor. Strykdeur was my antwoord daarop dat ons vashou aan die Here se genade. Ons moet, na aanleiding van Sy opdrag om dissipels van die nasies te maak, lidmate toerus, nou meer as ooit, om met Moslems in gesprek te tree en die Evangelie met hulle te deel.

In die laaste kwartaal van 2025 is daar dan ook twee kursusse in Bloemfontein aangebied om lidmate toe te rus vir hierdie enorme, dog wonderlike, uitdaging. In Pellissiergemeente het Anton Pelser 'n inleidende kursus oor Islam aangebied, wat oor ses sessies gestrek het. Hierdie inleidende kursus het sake ingesluit soos die historiese ontstaan van Islam in die sewende eeu, die vyf pilare van Islam en die rol van Mohammed as profeet. Daar is ook inleidend gekyk na die ontstaan van die Koran. Ander geskrifte in Islam, byvoorbeeld die Hadith en Sunnah het ook onder die loep gekom.

Die vergelyking met die Christelike Geloof is ook behandel, byvoorbeeld dat Jesus in Islam nie as Goddelik geag word nie, asook hulle konsep van sonde, verlossing en genade. Die kwessie van die Drie-eenheid teenoor die Tawhid (eenheid van God), is ook inleidend bespreek. Ongeveer dertig lidmate het hierdie kursus bygewoon, wat 'n beduidende getal is.

Ek was ook bevoorreg om 'n gevorderde kursus oor gesprekke met Moslems by Fichardtpark-gemeente vir Bloemfonteiners aan te bied. Die kursus is daarop gemik om Christene toe te rus om oor meer gekompliseerde sake met Moslems in gesprek te tree. Ons het in diepte gekyk na vrae wat Moslems vra. Hulle ontken die godheid van Jesus, en een van die eerste vrae wat hulle vra, handel oor Jesus wat self gesê het: "Ek is God. Aanbid my." Hulle beweer ook dat die Bybel gekorrupteer is. Die skuldiges, volgens hulle, wissel van Paulus tot Konstantyn. Dit is natuurlik belangrik om hulle sinvol daarop te kan antwoord.

Die lys van sake wat indringend bespreek is, is bykans te lank om te noem, maar nog 'n belangrike kwessie is dat hulle daarop aanspraak maak dat die Koran van die eerste dag tot nou toe nog nooit verander het nie. Dit is nie waar nie. Die vraag wat bespreek is, is egter hoe kan jy die teendeel daarvan bewys en dit in 'n gesprek met Moslems gebruik om die Evangelie met hom te deel.

*'n Reeks Islam-artikels. Hierdie artikel handel hoofsaaklik oor lidmate wat toegerus word oor Islam.*

**Lees** meer »




# Drie sleutels as lewend-kragtige rigtingwysers

ALGEMEEN
Woodland Hills Gemeenskapskerk
*Ds Zak Scholtz & Prof Hesta Friedrich-Nel*

In die alombekende *Alice's Adventures in Wonderland*[2] vra Alice aan die onsigbare kat:

"Ek sal graag wil weet watter pad ek moet neem. Dit hang af waarheen jy wil gaan," antwoord die wyse kat. Wel dit maak nie regtig saak nie, reageer Alice. Wel dan maak dit nie saak watter pad jy neem nie."

## Drie vrae: Wat, Waarheen en Hoe?

Alice en Carroll verwoord iets wat die ope vraag in baie gemeentes, besighede en organisasies bly. In 'n oorvereenvoudige vorm[3] is die vrae:

- **Wat** is ons huidige situasie?
- **Waarheen** wil ons hier vandaan gaan?
- **Hoe** gaan ons daar kom?

*REEKS*




Figuur 1


**Drie vrae as strategiese rigtingwysers**


Die doel van hierdie skrywe is om die drie vrae (sien Figuur 1) as die vertrekpunt vir strategiese rigting-wysers te gebruik om die doel, rigting, groei en vooruitgang van 'n gemeente, besigheid of organisasie te begelei. Verder word nagedink of die kerk *per se* nodig het om die beginsels van strategiese beplanning aan te wend om aan haar doel te beantwoord.

**Lees** meer »

# 'n Storie van hoop, vrede en genesing

ALGEMEEN
*Engo-mediaverklaring*





## ná kind se aanneming 25 jaar gelede ...

Engo is die grootste liefdadigheidsorganisasie van sy soort in die Vrystaat en bedien jaarliks meer as 200 000 mense in nood. Herkomsnavrae is een van die dienste wat Engo bied, en help met hierdie diens om ouers en kinders wat geskei is as gevolg van aanneming, weer met mekaar in kontak te bring. So kom daar genesing, vergifnis en hoop.

Hier is so 'n storie ...

"Verbeel jou jy is 23 jaar oud, jy studeer nog, kom so pas uit 'n warrelwindromanse met 'n man wat jy weet jy nooit weer in jou lewe sal sien nie en jy vind uit jy is swanger. Dit was my lewe 25 jaar gelede. Wat maak 'n mens in so 'n situasie? Ek het gedoen wat vele jong vroue voor en na my gedoen het: eers wou ek dit nie aan myself erken nie – daar moet tog fout wees – en toe het ek met God begin stoei. 'n Mens kan dit seker nie anders noem nie.

Nagte en dae is omgestoei en gebid en vrae gevra oor hoekom en waarom ek en hoekom nou? Ek moes nog so baie doen, maar het nog nie my eie geld verdien of my eie plek gehad nie.

As ek terugdink, was ek eintlik baie bevoorreg. Ek het 'n familie gehad wat my ondersteun. Ek kon met hulle hulp self my baba grootmaak as ek wou. 'n Ou liefde het weer begin blom en daar is ek ook ondersteun. Maar ek het duidelik besef dat hierdie bondeltjie binne my wat skop en saamgesels nie myne is nie. God het haar beplan vir iemand anders. Ek dra haar net en is geseënd om haar binne-in my te voel en te ervaar hoe sy groei en kommunikeer. Ek was en is so oneindig lief vir haar. Ek moes net doen wat die beste vir haar is. Ek het die maatskaplike dienste gekontak en hulle het my met die regte mense laat praat en ek het die dapper besluit geneem om my kindjie te laat aanneem deur iemand wat regtig die liefde van 'n eie kind nodig het en bereid was om daarvoor te veg, al was politieke tye onseker en ons land in 'n warboel.

**Lees** meer »

# Oos-Kaapse Rampfonds

## *Bydraes gevra om brandslag-offers by te staan*

ALGEMEEN
NG Kerk Oos-Kaapland
*Danie Mouton, 22 Januarie 2026, Nuus*

Die NG Kerk in Oos-Kaapland gee gemeentes, lidmate en belangstellendes geleentheid om deel te neem aan die verligting van die nood van brandslagoffers na die verwoestende brande die afgelope tyd in die omgewing van Nelson Mandelabaai, Humansdorp, verskeie gemeenskappe in die Langkloof en tot sover as die omgewing van Port Alfred.

Hierdie Oos-Kaapse gebiede is vandeesweek tot rampgebied verklaar.

Fondse wat ingesamel word, word via landbouverenigings betroubare nie-regeringsorganisasies en ander instansies met 'n bewese rekord van dienslewering versprei. Dit geskied ook in vennootskap met die plaaslike gemeentes.

In hierdie video lig ds Joe Janse van Rensburg van die Oos-Kaaplandse Rampnetwerk die brandskade en gelowiges se belewenis van verliese toe. Hy motiveer ook waarom gemeentes, gelowiges en die publike genooi word om by te dra tot die Oos-Kaaplandse Rampfonds. Die brande vererger die bestaan-de nood rondom die ontluikende droogte en die impak van veesiektes soos bek-en klouseer. In die Langkloof, wat maande laas reën gehad het, moes kosbare en skaars waterbronne gebruik word om die vuur te bestry. Boorde in die omgewing van Misgund kan reeds vir maande nie besproei word nie, met die waarskynlikheid van 'n baie swak oes nou 'n werklikheid.

NG Kerk in Oos-Kaapland
'n Vriendekring wat saam groei

### Bankbesonderhede van die Rampfonds

**ABSA Lopende rekening**
Rekeningnaam: NG Kerk Oos-Kaapland
Rekeningnommer: 290 581 192
Takkode: 632 005
Verwysing: **"Rampfonds"**

*Dit is baie belangrik dat die woord "Rampfonds" in die verwysingsveld op die inbetaling verskyn. Dit is hoe ons sisteem die inbetaling as 'n donasie vir die rampfonds toewys.*

Danksy die vuur het infrastruktuur soos woonhuise, buitegeboue, grensdrade en watertenks het in die slag gebly. Weiding het in die slag gebly en voer moet teen hoë koste van elders aangekoop en hierheen vervoer word. Weiding is vernietig en voer moet teen hoë koste van elders aangekoop en hierheen vervoer word. Die skerwe moet nou opgetel word en die heropbou begin.

**Lees** hier »

***Video:*** *Rampfonds vir brandslagoffers in die Oos-Kaap (verskaf)*



# VERITAS

## NG GEMEENTE
## HOSPITAALPARK

Bring jou **Bybel en pen** saam
en kom neem deel



### MODULE 1 | Die briewe in die Nuwe Testament

**Veritas is 'n program** wat geskep is vir mense om te leer hoe om die **Bybel te interpreteer**. Die idee is dat iemand aan die einde van die kursus enige brief in die Nuwe Testament kan lees en self baie deeglik en korrek interpreteer. Hierdie kursus is geskik vir **jongmense vanaf hoërskool ouderdom tot in die gryskopjare — dus elkeen**. **Jy hoef nie ekstra kennis te hê nie.**

### KONTAKSESSIES

**ELKE TWEEDE SONDAG**
**17:30 - 19:00**
*GEEN aanbiedings*
*tydens vakansies en langnaweke*

**15 FEBRUARIE TOT 8 NOVEMBER**
*GEEN vervelige lesings nie!*

**R600** P/P

*Sluit 'n werkboek en 'n baie oulike Bybelinterpretasie-boek in*

**SKRYF GERUS VANDAG REEDS IN BY DIE KERKKANTOOR**

051 522 3059 | ngkhospitaalpark@gmail.com | Mayo Str 53, Hospitaalpark, BFN

# KOM, LEES 'N BOEK

Die Sinodale kantoor beskik oor 'n goed-toegeruste Mediateek waar honderde boek wag om gelees te word. Die boek word – soos in 'n biblioteek – uitgeneem en later terugbesorg. Jy verdien ook VBO-punte deur die boeke te lees. Om jou lus te maak noem ons 'n aantal boeke met outeurs wat met A begin.

**Denise Ackerman: *After the locusts***
The entire book is a letter of faith from a woman of courage! In personal confrontation of the locust plagues of apartheid and HIV/AIDSVin South Africa, Denis Ackerman plots a landscape of struggle and hope.

**Denise Ackerman: *Surprised by the Man on the Borrowed Donkey – Ordinary Blessings***
A brilliantly personal, honest analysis of what it means to be blessed when the contradictions, paradoxes, ambiguities and incongruities of life are embraced.

**Sunday Bobai Agang: *African Public Theology***
Africa needs leaders and Christians from every walk of life to rediscover their identity and purpose in all spheres of society. African Public Theology sounds a clarion call to accomplish this vital task. God created all humans equally for us to live in community and take responsibility for the world around us – a mandate we need to act on.

**Jared E Alcantrara: *The Proctices of Christian Preaching: Essentials for Effective Proclamation***
A practice-centered collaborative, technologically innovative, next-generation introductory preaching textbook with supplementary online resources that include the perspectives of a diverse team of collaborators.

**Karin Armstrong: *The Spiral Staircase – A Memoir***
After seven years of hoping but ultimately failing to find enlightenment, Karen Armstrong left her early life as a nun... Written with startling perception and astonishing sensitivity, The Spiral Staircase is an exploration of one woman's painful journey to find herself and claim her place in the world.

**Carel Anthonissen: *Vuurvas***
Vuurvas (Anthonissen se debuutbundel in Afrikaans) is 'n meditasie en 'n belydenis wat die ironie en paradokse van die bestaan nie uit die weg gaan nie. Algemene menslike belewenisse vind hier neerslag in 'n fynsinnige digterlike vorm. Wat bely word, is ervarings van verlies en aanvaarding, maar veral die proses van loutering. Niks word gelouter of gesuiwer sonder pyn nie.

**Arbinger Institute: *Leadership and self-deception: Getting out of the box***
The word-of-mouth phenomenon that is changing lives and transforming organisations. Learn how to tap into an innate ability that dramatically improves both your relationships and your results.

**Gayle C Avery: Understanding Leadership**
Are current concepts of leadership appropriate for today's organizations? What will tomorrow's leadership need to be like? Is there a best approach to leadership?

**Saint Augustine: *City of God***
St Augustine, bishop of Hippo, is one of the central figures in the history of Christianity, and City of God is one of his greatest theological works. Written as an eloquent defence of the faith at a time when the Roman Empire was on the brink of collapse, it examines the ancient pagan religions of Rome, the arguments of the Greek philosophers and the revelations of the Bible. Pointing the way forward to a citizenship that transcends worldly politics and will last for eternity, City of God is one of the most influential documents in the development of Christianity. (1091 pages!)

BEDIENINGSBEGELEIDING
Mediateek
*Dr Leon M Foot*

## MEDIATEEK **INVENTARIS**

*Loer gerus na die volledige inventaris van die NG Kerk Vrystaat Mediateek, Sinodale Kantoor*

Navrae | **Anelia van den Blink**
**kuratorium@ngkvs.co.za**

# VROUE KAMP

## 20 - 22 FEBRUARIE

*God roep jou*

Amanzi

PRIVATE GAME RESERVE

Met ons aanbieder van *eKerk*

## ROEDOLF BOTHA

Roedolf het 'n Ph.D in Nuwe Testament verwerf by die Universiteit van Nijmegen (Radboud) in Nederland. Sy liefde vir die Here kry gestalte in sy passie vir die plaaslike gemeente, kerk- en geloofslos-mense asook die toerusting van leiers.

**Besprekings**

Marietjie van der Merwe

076 113 9601

vrouelidmate@gmail.com

vb

VROUEBEDIENING

BLÊR

# Die Verlore Skapie

deur Martin Schwella

## Helde

Leon loop en dagdroom in die paadjie langs die veld. Hy kyk vir die mooi blomme en hy bedink dinge. Leon wonder sommer oor die laaste tyd wat hy al soekend is in die Bybel en hoeveel hy al geleer het.

“Muhahaha!” hoor Leon ’n nare lag net oor die rantjie - dit klink bekend. Leon skrik groot en besef dat hy sal moet wegkom.

Net toe Leon wil wegdraai hoor hy nog ’n stem. “Skoert, jou Jakkals! Jy hoort nie hier nie. Ahoe! Ahoe!” tjank die bekende stem van … Ds Armach Breytenblaf!

Leon is nie seker wat om te doen nie – dit klink gevaarlik. Leon loer oor die rantjie en sien daar iets aardig.

Sy held Armach Breytenblaf lê op die grond en hou sy been vas – dit lyk of hy geval het. Oor hom staan die nare Jan Jakkals. Leon besef dat hy iets sal moet doen. Hy hardloop dadelik om hulp te gaan kry.

“Muhahaha!” lag Jan Jakkals nog ’n slag. “Jy is mos die brakkie wat my kom verjaag het, nie waar nie? Vra hy aan Armach Breytenblaf wat sit en grom vir hom. “Die naam is Armach Breytenblaf en jy beter baie vinnig in jou spore trap of …” waarsku Armach, maar hy besef dat hy nie iets kan doen nie.

“… Of wat Armach Breytenbrakkie, wat gaan jy maak? Nog so bietjie tjank? Muhahaha!” terg Jan Jakkals weer. “Ek dink dis tyd dat ek, die NARE JAN JAKKALS, jou ’n les leer!” dreig hy. Armach is sterk, maar hy is in ’n situasie wat nie goed lyk nie. Armach sit daar en grom en besef dat hy in die moeilikheid is.

Leon hardloop deur die strate, maar hy sien geen dier in sig nie. Hy sal moet gou maak – Armach Breytenblaf is in gevaar. Leon hardloop in by die skaatsplankpark op soek na hulp.

Terug in die veld – staan Jan Jakkals en wys sy nael na Armach se gesig. “Vandag gaan jy betaal brakkie Breytenbrak! JY GAAN BETAAL VIR WAT JY AAN MY GEDOEN HET!” skree hy uit.

Armach grom en toe lyk hy bekommerd. Jan Jakkals lig sy poot op in die lug en sy skerp naels blink in die son. “Vandag maak ek seker dat jy die naam JAN JAKKALS onthou … en so ook almal wat na jou gesig kyk, sal weet wie JAN JAKKALS IS!” sê Jan Jakkals met aggressie.

Net toe Jan Jakkals sy poot begin swaai gebeur daar iets …

“BLEEEEEEÊRRRRRRR!!!!” skreeu iemand – dit klink soos ’n aanvalskreet.

Dit is Leon en Tjoppie! Hulle kom teen die heuwel af, albei op Tjoppie se skaatsplank! Hulle ry tussendeur Jan Jakkals en Armach. Leon spring af om vir Armach te beskerm. Tjoppie gryp Jan Jakkals se poot en trek dit verby met die momentum van hulle skaatsplankrit.

Tjoppie los Jan Jakkals se poot en land op sy voete. Jan Jakkals draai een keer in die rondte en val plat op sy bas en daar sit hy. Leon staan nou tussen Jan Jakkals en Armach Breytenblaf – Leon is kwaad.



DIE VERLORE SKAPIE

**Luister hier**:

*Blêr | Ek behoort aan Jesus*

**Lees** meer »

# Jaarboek

## van die Nederduitse Gereformeerde Kerke




*Jaarboek 2026* bevat die sinodale, rings-, gemeente- en predikante-inligting van die NG Kerk, NG Kerk in Afrika, Reformed Church in Africa en familiekerke in die buiteland.

### e-Jaarboek op missio.org.za

*e-Jaarboek 2026 is as 'n gebruikersvriendelike digitale weergawe beskikbaar vir slegs R299.*

***Kry met 'n jaarlikse subskripsie toegang tot die e-Jaarboek op www.missio.org.za***

### Bestellings is nou oop!

**Jaarboeke is beskikbaar vanaf Desember 2025**

## Bestelvorm

### #1 Aantal boeke en CD's

* Vul getal in toepaslike blokkie(s) in
* Alle pryse sluit BTW en verpakking in

| | | | |
|---|---|---|---|
| ☐ | Jaarboek 2026 | **@R399 elk** | **= R ............** |
| ☐ | CD-weergawe | **@R299 elk** | **= R ............** |
| ☐ | Boek & CD | **@R499 per stel** | **= R ............** |
| ☐ | Koerierkoste | **@R99** | **= R ............** |
| | | **Totaal =** | |

### #2 Betalingswyse

☐ **Plaas op rekening van** ..............................................

☐ **Direkte inbetaling aan** CLF Uitgewers, ABSA Bank, Reknr 470 188 499, Takkode 632005.

**E-pos bewys** aan bestel@bmedia.co.za

**NB: Gebruik een van die volgende as verwysingsnommer:**
Rekeningnommer + JB **OF** Gemeentenaam + JB

### #3 Afleweringsadres

*Vul die inligting in vir waar aflewering moet plaasvind

**Pos aan gemeente/instansie/individu:**

..............................................................................

**Adres:** ..............................................................................

..............................................................................

.............................................................. **Poskode:** ............

**Telefoonnommer:** ..............................................................

**Bestelling geplaas deur:**

..............................................................................


## Plaas jou bestelling

**E-pos:** bestel@bmedia.co.za
**WhatsApp:** 079 881 2729
**Webblad:** www.bybelmedia.org.za

Bybel-Media

# Nou beskikbaar op

missio | deur BYBEL-MEDIA







*Leesrooster vir lidmate* en *Woord en Fees.*

Vir Advent 2025 tot Koninkrykstyd 2026.

## NOU BESKIKBAAR

Maak elke erediens ’n geloofsbelewenis met oordenkings vir lidmate, preekstudies en liturgiese voorstelle gebaseer op die kerkjaar. **Missio.org.za** is ’n groeiende bedieningsplatform wat gebruikers toegang gee tot verskeie produkte en hulpbronne om hulle op hulle geloofsreis te ondersteun. **Woord en Fees** is die perfekte hulpmiddel vir elke leraar, gemeenteleier, liturg en verkondiger van die Woord in die ontwikkeling van preke en vir die voorbereiding van eredienste en ander geloofsbyeenkomste. **Woord en Fees** volg die seisoene van die kerkjaar en maak vanjaar gebruik van die teksrooster *Revised Common Lectionary, Jaar A*.

**Besoek gerus www.missio.org.za of kontak support@missio.org.za vir enige navrae.**

# VERJAARSDAE

ngkerkvrystaat.co.za

# VEELS
## GELUK



Wense van voorspoed, God se seëninge en genade vir die nuwe lewensjaar.

JANUARIE

**24** Ds Johan David
BLOEMFONTEIN-WES

**24** Ds Rikus van Zyl
EDENBURG

**25** Ds Dougy Bubb
BETHLEHEM-EFRATA

**27** Mnr Adriaan de Ruiter
SINODALE KANTOOR



BEDIENINGSBEGELEIDING
Ekologie Netwerk
*Mariëtte Odendaal*

# Ons vier Wêreld-vleilanddag

Vleilande is nie net belangrik ten opsigte van biodiversiteit nie, maar ook vir die ekologiese balans van ons planeet. Op Maandag 2 Februarie vier ons Wêreld-vleilanddag; 'n viering van die ondertekening van die **Ramsar-konvensie in 1971**. Hierdie konvensie fokus op die bewaring en volhoubare gebruik van vleilande wêreldwyd.

## Waarom is hierdie dag so belangrik?

- Biodiversiteit: Vleilande huisves 'n ryk verskeidenheid flora en fauna. Dit speel 'n sleutelrol in die ondersteuning van ekosisteme.
- Waterkwaliteit: Vleilande help om water te filtreer en te suiwer; iets wat noodsaaklik is vir 'n gesonde omgewing.
- Klimaatsverandering: Dit dien as natuurlike buffersones teen oorstromings en help om koolstof te stoor en gevolglik by te dra tot die afname in klimaatsverandering.
- Gemeenskapslewe: Vleilande bied 'n verskeidenheid van hulpbronne en ontspanningsgeleenthede aan gemeenskappe, soos visvang en toerisme.

**Lees** meer »

# AKTUEEL EN ALGEMEEN

## 96ste Wêreldbiddag vir Vroue

2026 se tema: 'Kom, Ek sal jou rus gee'. Die program is saamgestel deur vroue van Nigerië.

Wêreldbiddag vir Vroue word vanjaar op 6 Maart 2026 gehou. Die Wêreldbiddag vir Vroue is 'n wêreldwye ekumeniese beweging van Christenvroue, -mans en -kinders van verskillende lande wat elke jaar op die eerste Vrydag in Maart vergader om 'n besondere dag van gebed te vier. Tydens die Wêreldbiddag vergader gelowiges van verskillende rasse, kulture en kerke, om saam te bid, ons voor God te verootmoedig en vir mekaar in te tree.



**Lees** meer »

Internasionaal word die Wêreldbiddag reeds vanaf 1887 gevier. Die dag word tans in meer as 170 lande op al 7 kontinente gehou. In Suid-Afrika is dit die 96ste jaar wat ons deel is hiervan. Die program word in nege van die amptelike tale vertaal.

**Pellissier** Gemeente **GriefShare**

Die Pellissier Gemeente bied weer hul GriefShare program aan vanaf Woensdag, 4 Februarie 2026 om 18h15 tot 19h00 by die kerkkantoor.
***GriefShare*** is 'n program wat ontwikkel is om gelowiges te ondersteun in hul rouproses. Soms sukkel persone om deur hul rouproses te gaan na die afsterwe van 'n geliefde. Die GriefShare program is 'n 13 weke program wat gelowiges bemagtig met vaardighede en ondersteuning om die rouproses beter te hanteer.


**Die kostes vir hierdie program is R350 per persoon (hierdie fooi is slegs om die kostes van Pellissier Gemeente te dek en sluit 'n werksboek, toegang tot aanlyn-materiaal, weeklikse groepbesprekings, en WhatsApp gesprekke van bemoediging in. Die beraders vir hierdie program ontvang huidiglik geen betaling vir die aanbieding van hierdie diens nie.)**

Kontak asb. vir Hennie Erasmus by 083 443 7741, indien jy 'n behoefte het om aan die program deel te neem of bewus is van iemand wat by die program kan baat vind en indien jy iemand kan borg vir die program.




RANJE INSTITUTE FOR SPECIAL EDU
Project
Chat for Children
love to and sign up with Melon Mobile
for unbelievable deals!
unlimited – standard & custom, including family
s – month-to-month with free calls on all networ
WS when signing up with the promo co
l not only save but will also help us to
ileged child who lives with a disability
ly benefit from your subscription if you use our promo
1. Go to the Melon Mobile App o
2. Sign up online
3. Please apply the promo code
You may keep your existing num
nmobile.co.za


Hands of Harmony
Transoranje School for the Deaf
Sign Language Choir


BAKENGEMEENTES:
CARE FOR AFRICA
Witnesses of Earthkeeping and Ecological Justice
% ACADEMIC
THEOLOG
FF
ted
titles
r the new
demic year
31 March 2026
Christ's love
DIACONIA


jou besigheid 'n
Artikel 18 A
ertifikaat nodig vir
elastingdoeleindes ?
Eng
Eternal hope • Ewige hoop • Tshepo esa


KOOP SKRYFBEHOEFTES VIR NOG EE
KIND, AS JY VANDAG GAAN KOOP!
Eng
engo.co.za


SPESIALE
AANBOD!
DAGBOEK
R200 elk
DAGBOEK
R300 elk
KALERNDER
R80 elk
WhatsApp 060 548 5543
Engo


arlikse prysverhoging
s toegewyd in ons missie
Bybels vir almal toeganklik
aak, en daarom streef
daarna om pryse
bstigbaar te hou.
ende produksiekoste
egter 'n prysaanpassing
oodsaak wat vanaf
bruarie 2026 in werking
ee.
kie vir jou begrip en
lopende ondersteuning.
www.bybelgenootskap.co.za
bybelgenootskap van suid-afrika
stel jou Bybels voor 1 Februarie 2026 by www.bibleshop.co
om die voordeel van die 2025 pryse te geniet.


NUUT
Afrikaans 2020-ver
DIE BYBEL
OOK BESKIKBAAR IN
SLEGS
R520
ELK
Volledige Bybel, hoo
mediumgrootte, verwe
verskeidenheid kleure, c
silwer-op-snee, voor
kruisverwysings e
www.bybelgenootskap.co.za
bybelgenootskap van suid-afrika
www.bibles


NUUT
Afrikaans 2020-ver
DIE BYBEL
OOK BESKIKBAAR IN
SLEGS
R520
ELK
Volledige Bybel, hoo
mediumgrootte, verwe
verskeidenheid kleure, c
silwer-op-snee, voor
kruisverwysings e
www.bybelgenootskap.co.za
bybelgenootskap van suid-afrika
www.bibles

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE




**31 Januarie**

5 VBO-punte

Paasnaweek-retraite in Philippolis




**16 Februarie**

10 VBO-punte

Praktiese pastoraat vir predikante in die praktyk




**2 & 3 Maart**

10 VBO-punte

Job-seminaar: *Met ... Job in gesprek ... met ...*




**29 Januarie**

10 VBO-punte

Vrywilligersbestuur – Geloofsgroei eerder as goedkoop arbeid




**11 Februarie**

3 VBO-punte

Wat beteken inspirerende leierskap in 'n wêreld vol kompleksiteit?




**19 Februarie**

10 VBO-punte

Praktiese Teologie – Hoe't ons gemaak? Hoe nou? Hoe vorentoe?



**10 Februarie**

5 VBO-punte

'n Moeder se invloed op volgende generasies




**23-25 Februarie**

VBO-punte

Spelterapie: Inleidende kursus in die Suid-Kaap




**25-27 Februarie**

VBO-punte

Spelterapie: Gevorderde kursus in die Suid-Kaap

# KERKNUUS EN PUBLIKASIES

KERKBODE BROKKIES | PUBLIKASIES

**kerkbode** BROKKIES

Kollig
Luister nou

Ondersteun Kerkbode
Maak 'n donasie



### Jan Lubbe | Geskiedenis as spieël: Wat 2026 van ons vra

*22 Januarie 2026*
*Kerkbode*
*Op die kerkstoep*
*Jan Lubbe*

»



### Nuwe netwerk spring aan die werk ná dit sous en verspoel

*21 Januarie 2026*
*Kerkbode*
*Nuus*
*Heléne Meissenheimer*

»



### Kollig episode 53 | Vroue in leierskaprolle by die kerk – die gesprek bly relevant

*16 Januarie 2026*
*Kerkbode*
*Nuus*
*Heléne Meissenheimer*

»



### Elders gesien: Oor manlike en vroulike rolle en leierskap in die Nuwe Testament

*15 Januarie 2026*
*Kerkbode*
*Artikels*

»



### Kerk wat werk-artikelreeks: As dit brand skuif die kantlyngoed opsy ...

*14 Januarie 2026*
*Kerkbode*
*Nuus*
*Heléne Meissenheimer*

»




### Kaapstad se nuwe aartsbiskop 'is gawe vir 'n tyd soos hierdie' sê Venter

*13 Januarie 2026*
*Kerkbode*
*Nuus*
*Heléne Meissenheimer*

»

Google Play    kerkbode.christians.co.za    App Store

Bybel-Media

# Herontdek jou selfvertroue




R350

### Sewe stappe na 'n nuwe jy

Sukkel jy met selfvertroue? Vergelyk jy jouself gedurig met die wêreld se idee van perfeksie? Verhinder jou gebrek aan selfvertroue jou om doelwitte te bereik en werklik suksesvol te wees? Jy is nie alleen nie. Van die slimste en mooiste vroue ter wêreld het lae selfvertroue. In hierdie boek deel Rolene Strauss hoe ook sy met 'n tekort aan selfvertroue gesukkel het, selfs terwyl sy die Mej Wêreld-kroon gedra het. Deur haar meestersgraad in professionele lewensafrigting en ure se afrigting-sessies met vroue wat met lae selfvertroue gesukkel het, het Rolene waardevolle insigte bekom oor hoe vroue hul selfvertroue kan bou en behou. *Herontdek jou selfvertroue* is 'n onontbeerlike gids vir vroue wat die moed en vertroue wil hê om hul drome vreesloos na te jaag.


# Riviere in die wildernis




R320

In die oop ruimtes tussen sterre en swaartekrag sal jy Karlien vind waar sy kaalvoet en sonder pretensie by die Here sit. Daar waar sy met Hom kan gesels oor haar soeke en seer, want sy weet dat Hy gewillig en met deernis luister. Karlien vertel van haar kronkelpaaie van pyn en verlies en hoe sy deur die jare daardie paaie, gevleg met haar onwrikbare geloof, gestap het. In hierdie poëtiese teks vol beeldspraak en vloeiende kreatiwiteit gesels sy oor kwesbare grepe uit haar lewe. Sy deel met die leser haar ondersoeke in die Woord, die suiwer leringe van Jesus, sielvolle gedigte, lirieke en diep persoonlike gewaarwordinge. In *Riviere in die wildernis* leer ons Karlien ken soos nog nooit tevore nie. In haar arms het sy al lewe, siekte en dood vasgehou en geleer hoe om, of die Here nou gee óf neem, steeds 'n halleluja te sing.

# 'n Ewige kroon




R320

In *'n Ewige kroon* getuig die gewese Mej Heelal en Mej Suid-Afrika Demi-Leigh Tebow hoe gevaarlik dit is om ons identiteit aan ons prestasies te koppel. Ontdek wie jy geskape is om te wees, en leer hoe jy jou platform – hoe groot of klein ook al – kan gebruik om 'n blywende impak te maak. In hierdie boek neem Demi ons saam op haar reis na selfvertroue – van waar sy haar identiteit op tydelike eerbetuigings en haar eie pogings gebaseer het, tot waar sy die rotsvaste sekerheid ontdek het van jou lewe in die Skepper anker. Dié reis verweef haar lewensverhaal met die insigte wat sy langs die pad verwerf het. Die doel met ons lewe is om God en ander lief te hê en te dien. Demi wys hoe jy kan leer om op jou groter roeping te fokus eerder as op jou aspirasies, en 'n voetspoor van betekenis kan nalaat, eerder as een van sukses.

# WAT'S NUUS?

KALENDER | VAKATURES | AFLOSLERAARS | PREDIKANTENUUS

NG Kerk Vrystaat

## Gemeentegebeure

Kalender | Belangrike datums

### KALENDER

skakel@ngkvs.co.za
Adverteer hier

### VAKATURES

### AFLOS

kerkbode

## Interaktiewe Dagboek

Deel jou dagboek hier

### DAGBOEK

woes@mweb.co.za
023 342 6030

### VAKATURES

### AMPTELIK

## AMPTELIKE PREDIKANTENUUS

**BEROEP** | **Dr Juppi Steurer** van NG Gemeente Sasolburg-Fontein is beroep na NG Gemeente Potchefstroom-Grimbeekpark. **Ds Anton Kemp** (emeritus) vroeër van Middelburg is beroep na NG Gemeente Villiers. **Prop Chaldin Diogene Bezuidenhout** is na NG Gemeente Boshof, Vrystaat, beroep tydens 'n kerkraadsvergadering op Woensdag 3 Desember 2025, maar het die beroep na NG Gemeente Postmasburg aanvaar.





HULPBRON OPGEDATEER: SÓ WERK AMPTELIKE NUUS OOR PREDIKANTE WAT SKUIWE

Deur Kerkbode / 3 Julie 2025 / Amptelik


## ANDER SINODALESTREKE SE NUUS

# Paasnaweek Retraite

## in Philippolis



## 2–5 April 2026




**Vir meer inligting**

**Whatsapp:**

**0721150057**



**Foto:** *Jan Lubbe (verskaf)*

ALGEMEEN
Voorsitter van die Moderamen
Ds Jan Lubbe

# "Om aan gebroke mense soos ek, die vergifnis en liefde van Christus te wys."

Die film "Wake up Dead Man" wat in Desember op Netflix vrygestel is – en wat in sommige kringe as (onbedoeld) een van die beste films oor die Christelike geloof en kerkwees bestempel word – open met die hoofkarakter, "Father Jud Duplenticy" kop-onderstebo in sy stoel in 'n kerklike verhoor. Hy't 'n kollega met die vuis bygedam. Die gesprek verloop dan so:

**Inkwisiteur:** *"So, you're a fighter again?"*

**Jud:** *"No, Father, absolutely not. ... My previous life, yes, I was a boxer, I lived on the streets. I did some other things."*

**Inkwisiteur:** *"We need fighters today, but to fight the world, not ourselves. A priest is a shepherd; the world is a wolf."*

**Jud:** *"No ... no, I don't believe that, Father, respectfullly. You start fighting wolves and before you know it everyone you don't understand is a wolf. I still got that fighting instinct and I gave in to it today, but Christ came to heal the world, not fight it. I believe that it is this (stretched out arms like on the cross), not this (fists in boxing posture). I just wanna be a good priest. Show broken people like me the forgiveness and love of Christ. The world needs that (of us) so bad."*

Lanklaas het ek in 'n paar sinne, soveel bevrydende waarhede gehoor.

Wat die wêreld vandag nodig het, is meer kruisgestaltes en minder gevegshoudings; meer oop handpalms en minder vuiste. Minder mag, meer deernis. En 'n werklike oorgawe aan die kruis van Christus, of dan, die dra daarvan.

**Lees** meer »



# KONTAK ONS

## REDAKSIE

**SAMESTELLERS**


Celicia McLean (Redakteur), **cmclean@ngkvs.co.za**
Juan du Toit, **skakel@ngkvs.co.za**


**LUISTER-ARTIKELS**

Mariëtte Odendaal, Mediadiensverskaffer
Revoicer (TTS)

**PROEFLESERS**

Lisma Liebenberg
Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit

# NUUSGEBEURE
# INLIGTING
# BYDRAES

**voor 12:00 Dinsdae**
na cmclean@ngkvs.co.za

Teken in op **VRYPOS**
Kanselleer **VRYPOS**


**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**
**skakel@ngkvs.co.za**

ngkerkvrystaat.co.za

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321


© 2026 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**

Hiermee word u vriendelik uitgenooi
na die ontvangs en bevestiging van
Ds Hannes du Plessis

Datum: Sondag, 1 Februarie 2026 om 9uur

Plek: NG Gemeente Fichardkruin,
Landman str. 2

Vir meer inligting,
skakel Lynett Venter
sel. 083 546 7117





**NG KERK VRYSTAAT** | **© 2026**

Departement
*KOMMUNIKASIE EN BEMARKING*